

## HOOFSTUK 19: STIG VAN VOORTREKKERS IN DIE PLAASLIKE GEMEENSAP

### 1. INLEIDING

- 1.1 Die grondwet bepaal dat 'n Gebiedsbestuur spanne los van 'n Voortrekkerkommando en Veldkornetskappe los van 'n Voortrekkerkommando, Staatmakergroepe asook Voortrekkerkommandos binne die betrokke gebied tot stigting kan bring ten einde *Die Voortrekkers* in die plaaslike gemeenskap te organiseer.
- 1.2 Die persoon wat die aanvoorwerk doen in die gemeenskap kontak *Die Voortrekkers* se hoofkantoor of toepaslike gebiedskantoor en stel hulle van die voorneme in kennis.
- 1.3 Die betrokke Adjunkgebiedsleier (AGL) Administrasie reël dat 'n gevolmagtigde van die Gebiedsbestuur met die betrokkenes skakel/besoek om te verseker dat almal on-dubbelsinnig verstaan waarom dit in *Die Voortrekkers* gaan. Die grondslag, wese, doel-stellings, Voortrekkerkode, lidmaatskap vereistes, organisasie, werkwyse en gesags-veld word hanteer. Toepaslike literatuur word ook vertoon en verduidelik.
- 1.4 Die persoon wat die aanvoorwerk doen en die gevolmagtigde soos in artikel 1.3 genoem bepaal of daar 'n lewensvatbare groep gestig kan word en vra dan skriftelik toestemming van die gebiedsdagbestuur om voort te gaan met plaaslike reëlings.
- 1.5 Wanneer daar na die oordeel van die gebiedsdagbestuur voldoende bewese steun vir 'n lewensvatbare groep bestaan en daar nie reeds plaaslik 'n groep Voortrekkers bestaan waarby daar ingeskakel kan word nie, gee die Adjunkgebiedsleier (AGL) Administrasie toestemming dat met die voorgenome stigting voortgegaan word.
- 1.6 Die gebiedsdagbestuur bepaal dat daar voortgegaan moet word tot die stigting van een van die vier (4) plaaslike groeperings, naamlik:  
'n Span los van 'n Voortrekkerkommando - drie (3) tot twaalf (12) persone of  
'n Veldkornetskap los van 'n Voortrekkerkommando - twaalf (12) en meer of  
'n Staatmakergroep - vyf (5) en meer of  
'n Voortrekkerkommando - dertig (30) en meer met inagneming van dat dit 'n funksionele werkbare eenheid moet wees.

### 2. ALGEMENE BEPALINGS

- 2.1 Die gesagsveld van 'n span los van 'n Voortrekkerkommando is beperk tot die lede wat by die betrokke span geregistreer is. 'n Span los van 'n Voortrekkerkommando *is nie 'n bestuursliggaam van Die Voortrekkers* nie en die spanne funksioneer altyd onder toesig van 'n Voortrekkerkommando wat deur die betrokke gebiedsbestuur as voog aangewys is.
- 2.2 Die gesagsveld van 'n veldkornetskap los van 'n Voortrekkerkommando is beperk tot die lede wat by die veldkornetskap geregistreer is.
- 2.3 Die gesagsveld van 'n Staatmakergroep is beperk tot die lede wat by die Staatmakergroep geregistreer is.
- 2.4 Die gesagsveld van 'n Voortrekkerkommando is beperk tot die lede wat by die kommando geregistreer is

### 3. STIGTING VAN SPANNE LOS VAN 'N VOORTREKKERKOMMANDO

#### 3.1 Registrasie

- 3.1.1 Die Voortrekkerspan word deur die Adjunkgebiedsleier (AGL) Administrasie geregistreer.
- 3.1.2 Die Gebiedsdagbestuur keur sodanige aansoek goed en registreer so 'n span onderhewig aan die volgende voorwaardes:
  - a) Dat die betrokke gebiedsdagbestuur 'n Voortrekkerkommando benoem om as voog oor die span op te tree en te help waar dit nodig en moontlik is en
  - b) Dat aan die getallevereistes in artikel 3.2 van hierdie hoofstuk voldoen word.
- 3.1.3 Die betrokke span funksioneer na registrasie as 'n amptelike span van *Die Voortrekkers* in die betrokke gebied met alle voorregte en verantwoordelikhede wat daaraan verbonde is.
- 3.1.4 Indien 'n lid buite die grense van 'n Voortrekkerkommando met sy voortrekkerwerk wil voortgaan moet dit geskied in oorleg met die betrokke Kommandodagbestuur waar die lid geregistreer word nadat goedkeuring by die betrokke Gebiedsdagbestuur bekom is.

### **3.2 Samestelling**

- 3.2.1 'n Span los van 'n Voortrekkerkommando bestaan uit minstens drie (3) lede en 'n spanoffisier wat verantwoordelikheid vir die span aanvaar tot 'n maksimum van twintig (20) lede.
- 3.2.2 Sodanige span kan uit lede van albei geslagte en verskillende ouderdomme bestaan.
- 3.3.3 'n Jeuglid of jeuglede wat buite die grense van 'n Voortrekkerkommando voortgaan met sy voortrekkerwerk, kan dit onder toesig van sy ouers doen met die voorbehoud dat een van die ouers as jeugvriend registreer en die kommandodagbestuur die werk van tyd tot tyd kontroleer en getroue diens beoordeel.

### **3.3 Magte, pligte en werksaamhede**

- 3.3.1 Die voorskrifte in hoofstuk twintig (20), artikel 9, van die Reglemente, is ook van toepassing op spanne los van Voortrekkerkommando's.
- 3.3.2 Die offisier en spanlede doen op die voorgeskrewe wyse aansoek om lidmaatskap by die gebiedsdagbestuur en word na goedkeuring as lede geregistreer.
- 3.3.3 Die lede betaal die ledegeld aan die spanoffisier wat 'n rekening daarvoor open en die lede se verpligtinge daaruit aan *Die Voortrekkers* oorbetaal.
- 3.3.4 Die span handel die werk wat vir die jaar vir die betrokke lede voorgeskryf is, af.
- 3.3.5 Die lede kry erkenning vir elke voltooide diensjaar en vir die voorgeskrewe graadwielwerk en spesialisasies wat hulle voltooi.
- 3.3.6 Die lede kan aan alle Voortrekkeraktiwiteite deelneem.
- 3.3.7 Die spanoffisier kom op die adreslys van die betrokke gebied en ontvang alle omsendbriewe van die gebiedsdagbestuur.
- 3.3.8 Die spanoffisier kan offisiersopleiding ondergaan.
- 3.3.9 Die spanoffisier woon vergaderings van die betrokke oordbestuur in waarnemende hoedanigheid by.

### **3.4 Uitbreiding**

Die offisier van 'n los span probeer om waar moontlik meer lede te werf om uiteindelik 'n veldkornetskap los van 'n Voortrekkerkommando of 'n selfstandige Voortrekkerkommando te vorm.

### **3.5 Ontbinding**

Wanneer 'n span, los van 'n Voortrekkerkommando ophou om te bestaan, moet die gebiedsbestuur toesien dat die voorskrifte in verband met ontbinding soos bepaal in hoofstuk veertien (14), artikel 2 van die Reglemente, nagekom word.

## **4. STIGTING VAN VELDKORNETSKAPPE LOS VAN 'N VOORTREKKERKOMMANDO**

### **4.1 Registrasie**

- 4.1.1 Wanneer daar 'n aantal voortrekkerspanne gevorm word op 'n plek waar nie 'n Voortrekkerkommando bestaan nie, of wanneer 'n veldkornetskap los van 'n Voortrekkerkommando gevorm word, doen die veldkornet of persoon wat die inisiatief geneem het by die betrokke Adjunkgebiedsleier (AGL) Administrasie aansoek om 'n Veldkornetskap los van 'n Voortrekkerkommando te registreer.
- 4.1.2 Die betrokke gebiedsdagbestuur keur sodanige aansoek goed en registreer so 'n veldkornetskap onderhewig aan die volgende voorwaardes:
  - a) Dat die betrokke oord 'n naburige Voortrekkerkommando benoem om as voog oor die veldkornetskap op te tree en te help waar dit nodig en moontlik is.
  - b) Dat aan die getalle vereistes in artikel 4.2 van hierdie hoofstuk voldoen word.
- 4.1.3 Die betrokke veldkornetskap funksioneer na registrasie as 'n amptelike veldkornetskap (op dieselfde vlak as 'n Voortrekkerkommando) van *Die Voortrekkers* in die betrokke gebied met alle voorregte en verantwoordelikhede wat daaraan verbonde is.
- 4.1.4 Die prosedure van 'n stigtingsvergadering van 'n Voortrekkerkommando (artikel 6 van hierdie hoofstuk) word basies ook gevolg.

## **4.2 Samestelling**

- 4.2.1 'n Veldkornetskap los van 'n Voortrekkerkommando bestaan uit twaalf (12) tot ongeveer veertig (40) lede en verdeel in 'n aantal spanne volgens die voorskrifte vervat in hoofstuk twintig (20), artikel 9 van die Reglemente.
- 4.2.2 Sodanige spanne kan uit lede van albei geslagte en verskillende ouderdomme bestaan.
- 4.2.3 'n Offisier moet vir elke span verantwoordelikheid aanvaar.

## **4.3 Magte, pligte en werksaamhede**

- 4.3.1 'n Veldkornetskap los van 'n Voortrekkerkommando funksioneer soos 'n Voortrekkerkommando met die veldkornet wat die take van 'n kommandoleier vervul en die veldkornetskapsbestuur wat soos 'n kommandobestuur en offisiersraad funksioneer soos uiteengesit in hoofstuk twintig (20), artikels 5 tot 6 van die Reglemente.
- 4.3.2 Die volwasse lede en jeuglede doen op die voorgeskrewe wyse aansoek om lidmaatskap by die betrokke gebiedsdagbestuur en word na goedkeuring as lede geregistreer.
- 4.3.3 Die lede betaal die veldkornetskaphoofskieding en ledegeld by die veldkornetskap in en die veldkornetskap betaal hulle verpligtinge daaruit aan *Die Voortrekkers oor*.
- 4.3.4 Die spanne handel die werk wat vir die jaar vir die betrokke graadgroepe voorgeskryf is, af.
- 4.3.5 Die lede kry erkenning vir elke voltooide diensjaar en vir die voorgeskrewe graadwielwerk en spesialisasies wat hulle voltooi.
- 4.3.6 Die lede kan aan alle Voortrekkeraktiwiteite deelneem.
- 4.3.7 *Die Voortrekkers* stuur alle korrespondensie direk aan die betrokke veldkornetskap.
- 4.3.8 Die veldkornet woon vergaderings van die betrokke oordbestuur in waarnemende hoedanigheid by.

## **4.4. Die veldkornetskapsbestuur**

- 4.4.1 'n Veldkornetskapsbestuur word saamgestel vir elke veldkornetskap los van 'n Voortrekkerkommando.
- 4.4.2 'n Veldkornetskapsbestuur bestaan uit:
  - a) 'n Veldkornet
  - b) 'n Sekretaris
  - c) Al die spanoffisiere
  - d) Heemraadslede verkies deur die ouers van die jeuglede, onderhewig daaraan dat die getal heemraadslede ten minste twintig persent (20%) maar nie meer as veertig (40%) van die getal offisiere is nie.
- 4.4.3 Die dienstermyn van 'n Veldkornetskapsbestuur van 'n Veldkornetskap los van 'n Voortrekkerkommando is een (1) jaar.
- 4.4.4 Die veldkornetskapsbestuur vergader so dikwels as wat dit nodig is, maar minstens een (1) keer per skooltermyn.
- 4.4.5 Die Veldkornet tree op as voorsitter en die sekretaris as sekretaris by alle vergaderings van die veldkornetskapsbestuur.
- 4.4.6 Die sekretaris roep alle lede wat sitting het in oorleg met die veldkornet op na vergaderings van die veldkornetskapsbestuur.
- 4.4.7 'n Gewone meerderheid van die lede van die vergadering vorm 'n kworum vir 'n vergadering.
- 4.4.8 Die vergaderingsprosedure soos in hoofstuk agtien (18) van die Reglemente, bepaal, word tydens alle vergaderings van die veldkornetskapsbestuur gevolg.
- 4.4.9 Die veldkornetskapsbestuur het meer bepaald die volgende take:
  - a) Om ook die take te verrig wat in artikel 22.5 van die grondwet asook in hoofstuk twintig (20), artikel 7.3 van die reglement aan 'n offisiersraad opgedra word;
  - b) Om toe te sien dat die veldkornet die vergaderings van die betrokke oordbestuur as 'n waarnemer bywoon;
  - c) Om 'n afgevaardigde na die kongres aan te wys soos in hoofstuk vyf-en-twintig (25) van die Reglemente, bepaal.

#### **4.5 Uitbreiding**

Die veldkornetskapsbestuur van 'n veldkornetskap los van 'n Voortrekkerkommando probeer om waar moontlik meer lede te werf om uiteindelik 'n selfstandige Voortrekkerkommando te vorm.

#### **4.6 Ontbinding**

Wanneer 'n veldkornetskap los van 'n Voortrekkerkommando ophou om te bestaan moet die oord toesien dat die voorskrifte in verband met ontbinding soos in hoofstuk veertien (14), artikel 2 van die Reglemente, bepaal, nagekom word.

### **5. STIGTING VAN STAATMAKERGROEPE**

#### **5.1 Registrasie**

- 5.1.1 Wanneer daar vyf (5) of meer Staatmakers 'n Staatmakergroep wil vorm doen die persoon wat die inisiatief neem het by die betrokke Adjunkgebiedsleier (AGL) Administrasie daarvoor aansoek.
- 5.1.2 Die betrokke Gebiedsdagbestuur moet sodanige aansoek goedkeur, in oorleg met die betrokke Gebiedstaatmakerleier, onderhewig aan die volgende voorwaardes:
- a) Dat die betrokke Gebiedstaatmakerleier en gebied se Staatmakerkomitee as voog optree en help waar dit nodig en moontlik is.
  - b) Dat aan die getalle vereistes in artikel 5.2 van hierdie hoofstuk voldoen word.
- 5.1.3 Die betrokke Staatmakergroep funksioneer na registrasie as 'n Staatmakergroep in *Die Voortrekkers* in die betrokke gebied met alle voorregte en verantwoordelikhede wat daaraan verbonde is.

#### **5.2 Samestelling**

- 5.2.1 Indien minder as vyf (5) Staatmakers as lede wil toetree moet hulle by die naaste Voortrekkerkommando inskakel en deurlopend kontak behou en aktiwiteite ondersteun van die naaste Staatmakergroep en betrokke gebied.
- 5.2.2 Indien daar vyf (5) en meer Staatmakers as lede toetree kan 'n Staatmakergroep as 'n veldkornetskap binne 'n Voortrekkerkommando funksioneer en dien die groepleier op die kommandobestuur.
- 5.2.3 Indien 'n Staatmakergroep soos 'n veldkornetskap los van 'n Voortrekkerkommando wil funksioneer moet daar ten minste twaalf (12) lede toetree en dien die groepleier op die betrokke oordbestuur.
- 5.2.4 'n Staatmakergroep kan uit albei geslagte bestaan maar moet uit meer as vyf (5) lede bestaan.
- 5.2.5 'n Staatmakergroep staan onder leiding van 'n groepleier, bygestaan deur adjunk-groepleier(s) wat funksie van sekretaris en penningmeester vervul
- 5.2.4 'n Staatmakergroep kan ook bykomende adjunkgroepleiers verkies, soos besluit, om die groep te bestuur.
- 5.2.5 Die groepleier en die adjunkgroepleiers is Staatmakers en word deur en uit die geledere van die betrokke groep Staatmakers verkies.
- 5.2.6 Die Staatmakergroepsdagbestuur bestaan uit die Groepleier en al die Adjunkgroepleiers.
- 5.2.7 Die Staatmakergroepsdagbestuur word jaarliks op 'n jaarvergadering aan die einde van die jaar verkies wat bestaan uit al die Staatmakers wat by die betrokke groep geregistreer is.

#### **5.3 Magte, pligte en werksaamhede**

- 5.3.1 'n Staatmakergroep los van 'n Voortrekkerkommando funksioneer soos 'n Voortrekkerkommando met die groepleier wat die take van 'n kommandoleier vervul en die Staatmakergroepdagbestuur wat soos 'n kommandodagbestuur/kommandobestuur funksioneer soos uiteengesit in hoofstuk twintig (20), artikels 5 van die Reglemente.
- 5.3.2 'n Staatmakergroep in 'n Voortrekkerkommando funksioneer verder soos die betrokke kommandobestuur besluit.
- 5.3.2 Die Staatmakers doen op die voorgeskrewe wyse aansoek om lidmaatskap by die betrokke gebiedskantoor en word na goedkeuring as lede geregistreer.

- 5.3.3 Die Staatmakers betaal die Staatmakergroep-/kommando heffing en ledegeld aan die Staatmakergroep of Voortrekkerkommando oor wat dan die verpligtinge daaruit aan Die Voortrekkers oorbetaal.
- 5.3.4 Die Staatmakergroep gaan voort met Staatmakeraktiwiteite soos voorgeskryf.
- 5.3.5 Die Staatmakers kry erkenning vir elke voltooide diensjaar, kursusse en spesialisasies wat afgehandel is.
- 5.3.6 Die Staatmakers neem aan alle Voortrekkeraktiwiteite deel.
- 5.3.7 Die Voortrekkers stuur alle korrespondensie direk aan die Staatmakergroep wat los van Voortrekkerkommando bestaan asook korrespondensie wat net oor sake van Staatmakers handel aan alle Staatmakergroepe.

#### **5.4. Die Staatmakergroepsdagbestuur**

- 5.4.1 'n Staatmakergroepsdagbestuur word saamgestel vir 'n Staatmakergroep en bestaan uit 'n Groepleier en Adjungroepleiers soos vooraf besluit deur jaarvergadering.
- 5.4.3 Die dienstermyn van 'n Staatmakergroepsdagbestuur is een (1) jaar.
- 5.4.4 Die dagbestuur vergader so dikwels as wat dit nodig is.
- 5.4.5 Die Groepleier tree op as voorsitter en die Adjungroepleier Administrasie tree as sekretaris by alle vergaderings op.
- 5.4.6 Die sekretaris roep alle lede wat sitting het in vergaderings, in oorleg met die Groepleier, op na alle vergaderings.
- 5.4.7 'n Gewone meerderheid van die lede van die vergadering vorm 'n kworum vir 'n vergadering.
- 5.4.8 Die vergaderingsprosedure soos in hoofstuk agtien (18) van die Reglemente, bepaal, word tydens alle vergaderings gevolg.
- 5.4.9 Al die Staatmakers van die betrokke groep vorm deel van die jaarvergadering wat bepaald die volgende take het:
  - a) Om ook die take te verrig wat in artikel 22.5 van die grondwet asook in hoofstuk twintig (20), artikel 7.3 van die Reglement aan 'n offisiërsraad opgedra word;
  - b) Om die verkiesing van Staatmakergroepsdagbestuur te hanteer.
  - c) Om in die geval van Staatmakergroepe los van 'n Voortrekkerkommando, 'n afgevaardigde na die kongres aan te wys soos in hoofstuk vyf-en-twintig (25) van die Reglemente, bepaal.

#### **5.5 Uitbreiding**

Die Staatmakergroep probeer altyd meer lede werf.

#### **5.6 Ontbinding**

Wanneer 'n Staatmakergroep ophou om te bestaan moet die betrokke kommando of oord toesien dat die voorskrifte in verband met ontbinding soos in hoofstuk veertien (14), artikel 2 van die Reglemente, bepaal, nagekom word.

### **6. STIGTING VAN 'N VOORTREKKERKOMMANDO**

#### **6.1 Stigtingsvergadering**

- 6.1.1 Indien dit blyk dat 'n funksionele werkbare Voortrekkerkommando gestig kan word, moet die gebiedsdagbestuur 'n stigtingsvergadering beplan.
- 6.1.2 Die betrokke Adjunggebiedsleier (AGL) Administrasie reël vir 'n voorsitter van die stigtingsvergadering, verkieslik die oordeleier waaronder die Voortrekkerkommando sal ressorteer.
- 6.1.3 Die stigtingsvergadering word na oorlegpleging met die aangewese voorsitter belê, onderhewig daaraan dat minstens tien (10) dae kennis daarvan gegee word aan alle voornemende offisiere, ouers van belangstellende jeuglede en jeugvriende.
- 6.1.4 Die persone wat op die stigtingsvergadering aanwesig is, vorm 'n kworum.
- 6.1.5 Alle persone wat op die vergadering teenwoordig is, die voorsitter ingesluit, het stemreg.
- 6.1.6 Die sakelyst van die stigtingsvergadering moet spesifiek die volgende sake insluit:
  - a) Opening en verwelkoming
  - b) Die verkiesing van 'n sekretaris vir die vergadering
  - c) Die doel van die vergadering

- d) Verduideliking van die grondslag, wese, doelstellings, lidmaatskapsvereistes , organisasie en werkwyse van *Die Voortrekkers*
- e) Verduideliking van die hooftake, organisasie, werkwyse en gesagsveld van 'n Voortrekkerkommando asook grensreëlings met naburige Voortrekkerkommando's
- f) Verslag van aksies wat reeds plaasgevind het
- g) Formele stigting
- h) Voorstelling van voornemende offisiere en inhandiging van aansoeke om lidmaatskap
- i) Aanwysing van heemraadslede volgens bepalings van die Grondwet, artikel 22.8.3, en inhandiging van aansoeke om lidmaatskap
- j) Die byeenroeping van die eerste kommandobestuursvergadering direk na die stigtingsvergadering.

6.1.7 Indien daar Staatmakers in die Voortrekkerkommando is word gehandel volgens die toepaslike bepalings onder artikel 5 van hierdie hoofstuk.

## **6.2 DIE EERSTE KOMMANDOBESTUURSVERGADERING**

6.2.1 Die eerste kommandobestuursvergadering vind plaas onder voorsitterskap van die persoon wat deur die Adjunkgebiedsleier (AGL) Administrasie as voorsitter aangewys is.

6.2.2 Die sekretaris van die eerste kommandobestuursvergadering is die persoon wat by die stigtingsvergadering as sekretaris opgetree het.

6.2.3 Die sakelys van die eerste kommandobestuursvergadering moet voorsiening maak vir die volgende sake:

- a) Verkiesing van die kommandodagbestuur uit geledere van gemeenskap
- b) Verkiesing van Veldkornette, indien aangewend gaan word
- c) Aanvulling van die Heemraadslede (indien enige van die nuut verkose Heemraadslede tot die Kommandodagbestuur verkies word)
- d) Aanwysing van verteenwoordigers van die kommandobestuur op ander toepaslike liggame
- e) Bepaling van die kommandonaam op voorwaarde dat die naam deur die gebiedsdagbestuur goedgekeur moet word en dat 'n Voortrekkerkommando nie na 'n nog lewende persoon vernoem mag word nie
- f) Goedkeuring van die kommandojaarprogram
- g) Vasstelling van die kommandoheffing, wat saam met die ledegeld van *Die Voortrekkers*, die registrasiegeld vir lede vir die betrokke jaar vorm
- h) Goedkeuring om 'n bankrekening by 'n erkende bankinstelling te open en toekenning van tekenmagte en toegang
- i) Reëling vir die opleiding van volwassenes
- j) Behandeling van die jongste omsendbriewe

6.2.4 Die nuutverkose Kommandodagbestuur voltooi die aansoekvorm om registrasie as 'n Voortrekkerkommando.

6.2.5 Die persoon wat as voorsitter by die stigtingsvergadering opgetree het, voltooi 'n stigtingsverslag.

6.2.6 Die nuwe Staatmakers, Offisiere en Heemraadslede doen op die voorgeskrewe wyse aansoek om lidmaatskap.

6.2.7 Die nuutverkose Adjunkkommandoleier (AKL) Administrasie besorg die aansoek om kommandoregistrasie, die stigtingsverslag en die aansoeke om lidmaatskap van alle volwasse lede aan die Adjunkgebiedsleier (AKL) Administrasie.

## **6.3 REGISTRASIE VAN DIE VOORTREKKERKOMMANDO**

6.3.1 Die Adjunkgebiedsleier (AGL) Administrasie bepaal volgens die bestaande beleid of die betrokke stukke in orde is.

6.3.2 Die Adjunkgebiedsleier (AGL) Administrasie reik 'n registrasiesertifikaat vir die betrokke Voortrekkerkommando uit wanneer aan die vereistes voldoen is. Hierna funksioneer die Voortrekkerkommando as 'n amptelike Voortrekkerkommando van *Die Voortrekkers* in die betrokke gebied met alle voorregte en verantwoordelikhede wat daaraan verbonde is en in hoofstuk twintig (20) van die Reglemente omskryf word.